**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saaknommer : 534/2002

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **MANDA LOUW** | Eerste Eiser |
| **MARTIN LOURENS OOSTHUIZEN** | Tweede Eiser |

en

| | |
|---|---|
| **DIE LID VAN DIE UITVOERENDE RAAD VAN DIE VRYSTAAT BELAS MET ONDERWYS EN KULTUUR** | Eerste Verweerder |
| **DIE BESTUURSLIGGAAM VAN DIE PRIMêRE SKOOL FICKSBURG** | Tweede Verweerder |

**CORAM:** CILLIé R

**AANGEHOOR OP:**

**UITSPRAAK GELEWER OP:** 29 JULIE 2004

[1] Kragtens 'n ooreenkoms tussen die partye bereik tydens 'n Reël 37 samespreking word eerstens en afsonderlik van ander geskilpunte, 'n beslissing ten aansien van die houdbaarheid al dan nie van twee spesiale pleite wat onderskeidelik deur eerste verweerder en tweede verweerder geopper was, versoek.

[2] Daardie spesiale pleite is geopper teen 'n besonderhede van eis die

relevante paragrawe waarvan as volg lees:

“ 4.

4.1 Op 29 Februarie 2000 en te Ficksburg het Armand ernstige breinskade opgedoen as gevolg van sirkulatoriese en asemhalingsarres en wel as gevolg van ‘n byna verdrinking.

4.2 Voormelde voorval is veroorsaak deur die nalatigheid van ‘n personeellid alternatiewelik opvoeder wat in diens van eerste verweerder was, alternatiewelik in diens van tweede verweerder was, alternatiewelik in diens van beide die eerste en tweede verweerders was, en wat in die uitvoering van haar dienste aldus opgetree het, alternatiewelik deur die nalatigheid van tweede verweerder.

7A

Eerste Verweerder is aanspreeklik vir die skade of verlies veroorsaak deur die voormelde handeling of versuim van die personeelid en wel ingevolge die bepalings van artikel 60(1) van Wet 84 van 1996, soos gewysig.”

[3] Eerste verweerder se spesiale pleit is as volg geformuleer:

“ 1.

At all times relevant or pertinent to this action:

1.1 the terms and provisions of the South African Schools Act, Act 84 of 1996 (‘the Act’) were of full force and effect.

1.2 the Ficksburg Primary School was a ‘public School’ as contemplated in and provided for in the Act;

1.3 ‘the staff member alluded to in plaintiffs’ (amended) Particulars of Claim (and who had been identified in plaintiffs’ notice/letter of demand in terms of Act 94 of 1970) was an ‘educator’ as defined in section 1 of the Act, alternatively a non-educator as envisaged and provided for in section 20(5) of the Act;

1.4 the said person was employed in terms of the provisions of section 20(4), alternatively section 20(5) of the Act.

2.

Plaintiffs' claim against the first defendant is dependent on an act or omission of the aforementioned educator, alternatively non-educator.

3.

As appears from, *inter alia*, section 60 of the Act, first defendant is 'the State' for purposes of the plaintiffs' action against the first defendant.

4.

In terms of the provisions of section 20(10) of the Act 'the State' and consequently, first defendant cannot be held liable for the acts and/or omissions of the said educator, alternatively non-educator and pertinent to the plaintiffs' claim.

Wherefore first defendant prays for judgment in its favour with costs, payable by the plaintiffs jointly and severally. Alternatively first defendant prays that plaintiffs' claim be dismissed with costs, payable by the plaintiffs jointly and severally."

[4] Tweede verweerder se spesiale pleit lees as volg:

"3A.1 Die Ficksburg Laerskool (die skool) is 'n openbare skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 (die Wet) en tweede verweerder is die beheerliggaam daarvan.

3A.2 Die eisers beweer teen die tweede verweerder dat Armand breinskade opgedoen het toe hy byna verdrink het tydens verpligte swembedrywighede.

3A.3 Dat die voorval veroorsaak is deur die nalatigheid van 'n personeellid wat in diens was van tweede verweerder en wat in die uitvoering van haar dienste aldus opgetree het, alternatiewelik deur die nalatigheid van die tweede verweerder in die opsigte uiteengesit in paragraaf 7 van die besonderhede van vordering.

3A.4 Die swembedrywighede waaraan Armand deelgeneem het, is 'n opvoedkundige aktiwiteit wat deur die skool aangebied is soos bedoel in

artikel 60 van die Wet.

3A.5 Die eisers se eis teen die tweede verweerder is derhalwe vir skade of verlies wat veroorsaak is as gevolg van 'n daad of versuim in verband met die voormelde opvoedkundige aktiwiteit.

3A.6 Indien so 'n eis sou slaag sou die skool aanspreeklik gewees het vir sodanige skade en verlies was dit nie vir die bepalings van artikel 60 van die Wet nie.

3A.7 Artikel 60 van die Wet bepaal dat die Staat aanspreeklik is vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige opvoedkundige aktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van die artikel.

3A.8 Die eisers se eis teen tweede verweerder is gevolglik onontvanklik en regtens onverantwoordbaar.

3A.9 Gevolglik versoek tweede verweerder dat die eisers se eis teen tweede verweerder van die hand gewys word met koste."

[5] Vir soverre as wat dit nie reeds blyk uit wat *supra* aangehaal is nie word die volgende agtergrond wat blyk uit die res van die pleitstukke verskaf. Armand is die eerste en tweede eiser se 10-jarige seun. Tydens swembedrywighede by die skool het hy ernstige breinskade opgedoen. Hierdie swembedrywighede was onder toesig van 'n tydelike personeellid. Hierdie personeellid is ene mev Nel. Haar aanstelling het as volg plaasgevind: Daar was 'n tydelike vakature by die skool en die hoof van die skool het by eerste verweerder aansoek gedoen om haar in tydelike hoedanigheid aan te stel. Wat daarna plaasgevind het, blyk uit erkennings deur tweede verweerder in terme van Hofreël 37 wat as volg lees:

" 5.

Die eerste verweerder het die aansoek afgewys

8.

Na die afwysing van die skool se voormelde aansoek deur die eerste verweerder, het die tweede verweerder vir Nel as 'n tydelike onderwyser in diens geneem vanaf 1 Februarie 2000. Die aanstelling het geskied itv Artikel 20(4) van die Wet.

9.

Op 29 Februarie 2000 was Nel in diens van die tweede verweerder as 'n tydelike onderwyser by die skool.

10.

Gedurende die hele tydperk van diens van Nel is sy deur die tweede verweerder vergoed.

11.

Die eerste verweerder het geen betalings, van watter aard ook al, aan Nel óf die skool gemaak ten opsigte van Nel se vergoeding nie.

12.

Die eerste verweerder het geen aandeel of inspraak in óf beheer oor die voormelde aanstelling van Nel gehad nie.

13.

Die eisers se vordering is gebaseer op 'n doen of late van Nel en/of tweede verweerder tydens die voorval wat op 29 Februarie 2000 plaasgevind het en waarop die eisers se skuldoorsaak gebaseer is.

14.

Die bedoelde voorval was ''n opvoedkundige aktiwiteit' wat deur die skool bedryf is en soos bedoel in artikel 60 van die Wet.

15.

Die eerste verweerder, synde 'die Staat' soos bedoel in die Wet, handhaaf die beskouing dat hy nie vir enige skade wat die eisers (en Armand) gely het as gevolg van beserings wat Armand tydens die voormelde voorval opgedoen het, aanspreeklik gehou kan word nie en wel op grond van die bepalings van artikel 20(10) van die Wet.

16.

Die tweede verweerder, daarenteen, huldig in sy spesiale pleit die beskouing dat, uit hoofde van die bepalings van artikel 60(1) van die Wet, slegs die eerste verweerder vir die eisers en Armand se skade aanspreeklik is."

[6] Volgens die gewone beginsels van middellike aanspreeklikheid sou tweede verweerder as die werkgewer van Nel aanspreeklik wees vir haar onregmatige dade gepleeg in die loop van haar diens en ter uitvoering van haar pligte. (Vergelyk ook artikel 3(4) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders no 76 van 1998 waarin bevestig word dat tweede verweerder die betrokke personeellid se werkgewer is.)

Die tweede verweerder steun egter in sy spesiale pleit daarop dat artikel 60(1) van die SA Skolewet Nr 84 van 1996 ("die Skolewet") hom kwytskeld van aanspreeklikheid en enige aanspreeklikheid wat daar mag wees op eerste verweerder plaas.

Artikel 60(1) van "die Skolewet" lees as volg:

> "Die Staat is aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige opvoedkundige aktiwiteit wat deur 'n *openbare skool* bedryf word en waarvoor sodanige *openbare skool* aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel."

Dit is doenlik om artikel 60(4) ook weer te gee. Dit lees as volg:

> "Ondanks die bepalings van subartikel (1) is die Staat nie verantwoordelik vir enige skade of verlies as gevolg van enige handeling of versuim in verband met enige onderneming of besigheid wat onder die beheer van 'n *openbare skool* bedryf word vir doeleindes van die aanvulling van die hulpbronne van die *skool* soos in artikel 36 beoog nie, met inbegrip van die aanbied van praktiese opvoedkundige aktiwiteite in verband met daardie onderneming of besigheid."

[7] Die eerste verweerder daarenteen se spesiale pleit is uitsluitlik gegrond op die bepalings van artikel 20(10) van "die Skolewet so word aangevoer, eerste verweerder ontdaan van aanspreeklikheid.

Artikel 20(4) en (10) van "die Skolewet" lees (na die wysiging daarvan deur artikel 6 van Wet 100 van 1997) as volg:

> "(4) Behoudens *hierdie Wet*, die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No 66 van 1995), en enige ander toepaslike wet kan 'n *openbare skool* poste vir *opvoeders* instel en *opvoeders* in diens neem bykomstig tot die

diensstaat deur die *Lid van die Uitvoerende Raad* bepaal ingevolge artikel 3(1) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1994."

"(10) Ondanks artikel 60 is die Staat nie aanspreeklik vir enige handeling of late by 'n *openbare skool* wat voortspruit uit sy kontraktuele verantwoordelikheid as werkgewer teenoor die personeel aangestel ingevolge subartikels (4) en (5) nie."

[8] Die eiser het 'n repliek afgelewer op hierdie spesiale pleite. Daarin word aangevoer dat tweede verweerder gesamentlik en afsonderlik met eerste verweerder aanspreeklik is vanweë die bepalings van artikel 20(4) en (11) van die Skolewet saamgelees met artikel 3(4) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders no 76 van 1998 ("die Opvoederswet"). Artikel 20(11) voormeld, lees as volg:

"(11) Na oorleg soos beoog in artikel 5 van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet No 27 van 1996), kan die *Minister* norme en standaarde bepaal by kennisgewing in die *Staatskoerant* betreffende die fondse wat gebruik word vir die aanstelling van personeel beoog in subartikels (4) en (5), maar sodanige norme en standaarde word nie uitgelê as sou die Staat die gesamentlike werkgewer van sodanige personeel wees nie."

[9] Die spesiale pleite staan teen die agtergrond hierbo uiteengesit bereg te word.

Die vraag is of artikel 20(10) die "saambreel effek" van artikel 60(1) ongedaan maak en eerste verweerder kwytskeld van eise wat voortspruit uit onregmatige dade gepleeg deur opvoeders wat deur tweede verweerder aangestel en in laasgenoemde se diens is. Voorts; indien artikel 20(10) verstaan moet word as dat dit <u>nie</u> eerste verweerder se artikel 60(9) verworwe aanspreeklikheid uitsluit nie, is die verdere vraag of artikel 60(1) uitsluitende aanspreeklikheid vir eerste verweerder of bloot bykomende aanspreeklikheid tot tweede

verweerder se gemeenregtelike middellike aanspreeklikheid daarstel.

[10] Omdat volgens die gewone regsbeginsels van middellike aanspreeklikheid tweede verweerder normaalweg aanspreeklik sou wees, is dit doenlik om eerstens te handel met die argument wat namens tweede verweerder aangevoer word waarom tweede verweerder <u>nie</u> aanspreeklikheid oploop nie.

Mnr De Bruin namens die tweede verweerder betoog dat 'n korrekte uitleg van artikel 60(1) <u>uitsluitlike</u> aanspreeklikheid van die Staat (eerste verweerder) daarstel. Sy betoog is dat die artikel in wye terme gegiet is juis om te verhoed dat openbare skole aanspreeklik gehou word vir skade wat voortspruit uit 'n opvoedkundige aktiwiteit wat deur so 'n skool bedryf word. Hy steun in hierdie verband onder andere op die uitspraak van Van der Walt, R, in **<u>LUR VIR OPVOEDING, GAUTENG PROVINSIE EN ANDERE v PADONGELUKKEFONDS</u>** saak no A26/02 gedateer 28 Augustus 2002, uitspraak gelewer op 23 September 2002. Daarin het Van der Walt, R, 'n wye trefwydte aan die begrip "opvoedkundige aktiwiteit" gegee. Dit het die effek gehad dat die Staat op sterkte van artikel 60 aanspreeklik bevind is vir 'n onregmatige daad van 'n opvoeder. Die vraag of daardie opvoeder 'n sogenaamde departementele aanstelling was, of andersyds soos in die onderhawige geval, aangestel was in terme van artikel 20(4) van "die Skolewet" (beheersliggaamspos) blyk ongelukkig nie uit die uitspraak nie.

Mnr De Bruin voer voorts aan dat die blote feit dat die bepalings van die Wet op Staatsaanspreeklikheid no 20 van1957 in artikel 60(2) op 'n eis wat ingevolge artikel 60(1) teen die Staat ingestel word van toepassing gemaak word aanduidend is daarvan dat die Staat uitsluitlike aanspreeklikheid opdoen. Hy wys ook daarop dat aanspreeklikheid van die skool in artikel 60(4) in die plek van die aanspreeklikheid van die Staat gestel word omdat subartikel (4) die Staat van die algemene aanspreeklikheid wat subartikel (1) skep ten aansien van aktiwiteite van die skool wat daarop gerig is om die hulpbronne van die skool deur middel van 'n besigheid of onderneming aan te vul, onthef.

Met verwysing na artikel 20(10) van "die Skolewet" is sy betoog dat dit 'n uitsondering skep op die algemene aanspreeklikheid wat artikel 60(1) daarstel. Daardie uitsondering geld egter slegs ten aansien van die skool se kontraktuele verantwoordelikheid as werkgewer teenoor die personeel wat deur die skool self aangestel is en slaan luidens die betoog op aspekte soos salaris.

[11] Mnr Wessels namens die eerste verweerder, steun sterk op die woordgebruik, naamlik "handeling of late" in artikel 20(10) vir sy betoog

dat subartikel (10) nie beperk moet word tot die kontraktuele verantwoordelikheid van die skool (tweede verweerder) teenoor die personeel alleenlik nie. Sy betoog is dat dit woordgebruik is wat as't ware sinoniem is met onregmatige dade. Hy betoog dat die ooreenstemming tussen artikel 60(4) en artikel 20(10) wat beide die aanspreeklikheid van die Staat in die vermelde gevalle uitsluit, aanduidend is dat die bedoeling was om in beide gevalle die totale aanspreeklikheid van die Staat uit te sluit ten aansien van opvoeders deur die bestuurdersliggaam aangestel. Ten slotte wys mnr Wessels daarop dat 'n uitleg van artikel 60(1) en artikel 20(10) soos voorgestaan namens die tweede verweerder skuldlose aanspreeklikheid vir die Staat (eerste verweerder) daar sou stel. Die bekende vermoede teen 'n uitleg wat die gemene reg wysig behoort volgens die betoog dan toegepas te word.

[12] Mnr Van Rhyn bygestaan deur mnr Snellenburg namens die eisers het in hul betoog die uitleg wat namens die tweede verweerder voorgestaan word ten dele ondersteun met die voorbehoud egter dat aangevoer word dat artikel 60(1) eerste verweerder aanspreeklik stel bykomend tot die bestaande gemeenregtelike middellike aanspreeklikheid van die tweede verweerder. Die betoog is dus dat artikel 60(1) nie <u>uitsluitlike</u> aanspreeklikheid nie maar bykomende aanspreeklikheid op eerste verweerder plaas. Die grondslag van hierdie betoog is dat siende dat tweede verweerder die werkgewer van die betrokke opvoeder is die tersaaklike wetgewing nie duidelik genoeg tweede verweerder se gemeenregtelike middellike aanspreeklikheid uitsluit nie.

[13] Die gevolgtrekking waartoe ek gekom het, is dat die uitleg van die wetteregtelike bepalings namens die tweede verweerder voorgestel die korrekte is. Artikel 60(1) is 'n saambreelbepaling wat daarop gerig is om aanspreeklikheid by die Staat te vestig in die omstandighede waarna in die artikel verwys word. Opvoeding in 'n openbare skool is in die eerste instansie 'n staatsverantwoordelikheid. Daarom maak dit sin dat die wetgewer die Staat verantwoordelikheid wil laat aanvaar vir skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van 'n daad of versuim wat voortspruit uit 'n opvoedkundige aktiwiteit by 'n openbare skool. Die aanstelling en vergoeding van opvoeders deur 'n bestuursliggaam (tweede verweerder) dra die goedkeuring weg van die Staat (eerste verweerder). (Vergelyk artikel 20(4) van die Skolewet.) Na alles is dit tot voordeel en hulp van die Staat in sy opvoedingsfunksie. Mnr Van Rhyn namens die eisers, het tereg in sy betoog gewys op die skrikwekkende gevolge wat dit vir 'n skool kan inhou as die bestuursliggaam aanspreeklikheid oploop vir delikte van 'n opvoeder gepleeg gedurende 'n opvoedkundige aktiwiteit al is daardie opvoeder deur daardie bestuursliggaam aangestel. Dit maak verder sin dat die Staat nie met verantwoordelikheid belas word vir skade wat voortspruit

uit nie-opvoedkundige aktiwiteite (vergelyk artikel 60(1)), die bedryf van ‘n onderneming of besigheid deur ‘n skool al is dit hulpbronontwikkeling (vergelyk artikel 60(4)) of die skool se kontraktuele verantwoordelikheid teenoor sy eie personeel deur die skool self aangestel nie. (Vergelyk artikel 20(10).) Vandaar dat sulke aktiwiteite spesifiek uitgesluit word van staatsaanspreeklikheid. Die woorde

> “.... waarvoor sodange openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel”

skep die indruk dat bdoel word om daardie aanspreeklikheid nou uit te sluit en dit op die Staat te plaas.

Met verwysing na mnr Wessels se betoog dat die woorde “handeling of late” in artikel 20(10) met delikte geassosieer word, is dit opvallend dat die woordgebruik “skade of verlies” wat in artikel 60(1) gebruik word en eweseer indien nie meer so nie, in verband staan met delikte, nie in artikel 20(10) voorkom nie. Dit versterk die uitleg dat dit nie beoog om delikte te betrek nie. Die gebruik van die woorde “teenoor die personeel” in artikel 20(10) dui aan dat die bedoeling was om te verwys na eise van die personeel self teen die skool en nie na eise van andere en wat voortspruit uit die skool se posisie as werkgewer van so ‘n personeellid nie.

[14] Mnr Van Rhyn het betoog dat indien die spesiale pleit van enige verweerder gehandhaaf word die ander verweerder gelas moet word om die koste van die verweerder wie se pleit gehandhaaf word te betaal. Dit sê hy word geregverdig deur die feit dat die eisers nie gepenaliseer behoort te word met koste vanweë ‘n geskil wat basies tussen die twee verweerders bestaan oor wie aanspreeklik teenoor eisers is nie. Dit is nie die korrekte benadering nie. Dit is weliswaar so dat die vraag welke verweerder aanspreeklik sou wees afhanklik is van die uitleg van bepaalde wetteregtelike bepalings maar die eisers het verkies om op grond van die interpretasie wat deur hulle voorgestaan word beide verweerders aan te spreek. In daardie uitleg is hulle nie gelyk gegee nie. Die eisers kan na alles nie verwag dat enige van die twee verweerders moet sê wie hy beweer is aanspreeklik as daardie verweerder self bloot sy eie aanspreeklikheid ontken nie. Daar is dus geen rede waarom afgewyk moet word van die gewone kostebevel dat eisers die verweerder teen wie nie geslaag word nie se koste moet betaal.

Die eerste verweerder wie se spesiale pleit nie geslaag het nie sou volgens die gewone beginsels die eiser se koste daardeur teweeggebring moetr betaal. In hierdie verband is ek egter namens eerste verweerder versoek om die koste ten aansien hiervan voor te behou op die basis dat eisers dalk met hul eis op die meriete teen eerste verweerder mag misluk. Die partye het beide dit egter goedgevind om die uitleg van die betrokke wetregtelike bepalings as ‘n

aparte geskilpunt by wyse van ‘n spesiale pleit bereg te kry. Daardeur het elk die risiko van ‘n negatiewe bevinding op daardie geskilpunt aanvaar. Dit is dus billik dat die beregting van daardie geskilpunt sy eie kostebevel dra onafhanklik van die uitslag van die meriete van die eiser se eis.

Bygevolg word die volgende bevel gemaak:

1. Die spesiale pleit deur eerste verweerder geopper word afgewys en eerste verweerder word gelas om eisers se koste ten aansien van die beregting daarvan te betaal.

2. Die spesiale pleit deur tweede verweerder geopper word gehandhaaf en eisers se eis teen tweede verweerder word afgewys. Eisers word gelas om tweede verweerder se koste te betaal.

**CB CILLIé, R**

| | | |
|---|---|---|
| **Namens Eisers** | **:** | **Adv AJR Van Rhyn en**<br>**Adv N Snellenburg**<br>**In opdrag van**<br>**Honey & Vennote Ing** |
| **Namens Eerste Verweerder** | **:** | **Adv MH Wessels, SC**<br>**In opdrag van**<br>**Staatsprokureur** |
| **Namens Tweede Verweerder** | **:** | **Adv JP De Bruin, SC**<br>**In opdrag van**<br>**Naudes** |

/Jacobs